

‘N UITTREKSEL UIT

# DIE AANROEPING TOT DIE HEILIGE GEES

DEUR ST. SIMEON DIE NUWE TEOLOOG (949 – 1022)

Kom, ware lig. Kom, ewige lewe.  
Kom, verborge geheimenis.  
Kom, skat sonder naam.  
Kom, werklikheid,  
wat anderkant alle woorde lê.  
Kom, persoon  
wat alle begrip te bowe gaan.  
Kom, blydschap sonder einde.  
Kom, lig wat geen aand ken nie.  
Kom, onfeilbare hoop van die verlostes.  
Kom, U wat hulle wat geval het  
weer laat opstaan.  
Kom, die opstanding van die dooies.

Kom, almagtige,  
want deur u Wil alleen skep  
en herskep en verander U alle dinge.  
Kom, onsigbare,  
wat niemand kan aanraak en beheer nie.  
Kom, U wat onbeweeglik voortgaan,  
en tog elke oomblik in beweging is;  
U nader ons wat in die hel lê,  
en tog bly U hoër as die hemele.  
Kom, want u Naam  
vervul ons met verlange  
en is altyd op ons lippe;  
en tog weet ons nikks van U af nie  
en kan ons eintlik nikks oor U sê nie.

Kom, ewige vreugde.  
Kom, sierkrans, wat nooit verwelk nie.  
Kom, purper bekleedsel  
van ons groot God en Koning.  
Kom, kristalgordel, versier met edelstene.  
Kom, sandaal  
waaraan niemand durf raak nie.  
Kom, koninklike kleed en regterhand  
van ware heerskappy.

Kom, want my ellendige siel  
het U nog altyd begeer  
en verlang nog steeds na U.  
Kom, U wat alleen is na ons wat alleen is,  
want soos U sien is ek alleen:  
U het my van alle dinge geskei en  
my alleen op aarde geplaas.

Kom, want U  
is die verlange wat in my brand,  
en U maak my na U verlang,  
U wat onbereikbaar is.

Kom, my asem en my lewe.  
Kom, vertroosting van my armsalige siel.  
Kom, my blydschap, my heerlikheid,  
my eindeloze genot.